

30 Augustus

**Skrifgedeelte: Spreuke 30**

**Fokusgedeelte: Spreuke 30:8, 9**

### **Versorg deur my Here**

Agur noem die Here my Here. Hierdie benaming wys daarop dat daar 'n persoonlike verhouding tussen hom en die Here is. Omdat Hy die Here liefhet, is die sake wat hy in die gebed aan die Here opdra, vir hom baie belangrik. Daarom vra hy dat die Here tog sy gebed sal verhoor voordat hy sterf.

Agur wys in hierdie kort gebed op die gevaar wat rykdom en armoede onderskeidelik inhou. Rykdom kan lei tot arrogansie, waar die ryke kan voel dat hy of sy selfversorgend is en daarom nie die Here nodig het nie. Armoede daarenteen kan lei tot afguns en jaloesie sodat jy reg in eie hande neem en steel wat jy wil hê.

Daarom vra Agur dat die Here hom nie arm of ryk moet maak nie, maar hom net moet gee wat hom toekom. Die Here sal self besluit wat hy nodig het en dié vir hom gee. Hier gaan dit oor 'n volkome vertroue in die Here as die Een wat sorg en versorg. Ek sal elke dag genoeg hê, want die Here is die een wat sorg. Hy weet wat ek werklik nodig het en Hy weet wat goed is vir my.

*Sing: Psalm 84:1, 6 (Totius)*

*Ds. GC Coetzee (Standerton)*